

BOEKBESPREKINGS

Phillips, Wendell, *Unknown Oman*. R4.45, pp. 319. Longmans, 1966.

Dr. Wendell Phillips, archaeologist and oilman, author of ever-interesting *Qataban and Sheba*, here gives us an extremely readable account of his travels in little-known Oman, the area to the extreme south-east of the peninsula of Arabia. This work is more than just an account in the best tradition of a travelogue. Dr. Phillips, trained archaeologist that he is, describes the land, the people and its pre-history as he saw it, and came to know it intimately through his travels and expeditions.

He travelled from heatridden Muscat — hellish Muscat as he calls it — along the date-growing Batinah coast into the desert to Sohar, Salalah and other cities. His graphic description of the people, their marriage customs, religion, taboos, state of health and traditions, lifts the veil over a land and people that have been cloaked in romantic mystery for ages. When thinking of Arabia, one immediately thinks of Lawrence of Arabia and the equally romantic tale of Sinbad the Sailor. Dr. Phillips destroys this veil of over-romanticised *couleur locale* and graphically describes the people as they are: poor, taboo-ridden, superstitious, backward, yet with an instinctive pride in an almost forgotten past. It was this past that Dr. Phillips was interested in and which lead him on excavating expeditions into the parched desert where the desert sands hide a pre-Islamite civilization. He is the modern discoverer of the unknown, and takes the reader on a voyage of discovery from Muscat to Sohar, to country like Oman, where water is a luxury and the black oil far beneath its desert Hasik and to Ubar, a flat depression amidst the towering sanddunes that was supposed to be the site of an ancient city.

This book is more than just an account of a journey amongst strange people who have no colour-prejudices, but who still accept slavery as natural. It is also an account of a journey into the far past and the digging tools of the archaeologist are the instruments through which this almost forgotten past is glimpsed.

Unknown Oman is an extremely readable book. It is not written in the stilted language of the scientist and is not overladen with scientific terms that might interest the trained archaeologist only. It is not a scientific treatise, but an account of a in more ways than one scientific expedition, written by a man with a penetrating mind and instinctive sense of reality. The author's description of things and people is vivid with an undercurrent of heartwarming humanity. The western reader, who thinks and lives in terms of the equality of the sexes, will find his description of the relationship between the sexes, the degradation of the Arab women and their sexual practices shocking, especially if one remembers that at one time the intellectual leadership of the known world came from the same Arabs. The author's explanation of why the Arabs lost this intellectual leadership, is that taboos, superstition and doctrinaire religious attitudes stilted and smothered this growth. The fact remains that the response of the Arabs to the challenge of a parched and semi-desert surrounding, in which they found themselves, and in which there was originally an upsurge of civilizational growth, had petered out after the sixteenth century. The result is that Western man, who had originally learnt so much from the Arabs, eventually surpassed them. Today trained archaeologists return to these people, to dig into a past which has become lost to the present generation of Arabs living in a sands holds a promise for a better future.

From here he takes you to the ruins of the tombs of Mulayyanah, Wadi Jizi, and the frankincense of Dhofar that brought

T. S. van Rooyen,

Woltjer, J. J., *De Leidse universiteit in verleden en heden*. Universitaire Pers, Leiden, 1965. 112 bl., met afb. en register.

In hierdie werkie word in groot trekke die geskiedenis van die oudste Nederlandse universiteit beskrywe. Op 29-1-1574 het prins Willem van Oranje aan die State van Holland voorgestel om 'n universiteit op te rig in die stad wat 'n paar maande vantevore 'n belëring deur die Spanjaarde deurstaan het. Prins Willem het gevoel dat 'n eie universiteit sowel die Protestantisme as die vryheidstryd op 'n sterker grondslag sou plaas op 'n tydstop waarop die oudste intellektuele sentrum van die Nederlande van voor die opstand, die universiteit van Leuven, nie meer in die nuwe bedeling gepas het nie.

Reeds op 8.2.1575 is die Leidse universiteit geopen en daarmee het 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van die noorde aangebreek. Duidelik het die eerste kurator, Jan van der Does, besef dat die eerste voorwaarde vir die welslae van die jong universiteit moet wees om vooraanstaande geleerdes te bekom. Deur beroemde dosente soos die filoloog Justus Lipsius (van Leuven), die regsgeleerde Hugo Donellus (van Heidelberg), die medikus Dodonaeus (van Wenen) en die Franse Hugenoot Josephus Justus Scaliger, is dié grondslae gelê wat die Leidse universiteit 'n tydlank beroemd gemaak het.

Tydens die eerste 25 jaar van sy bestaan het die Leidse universiteit ruim 2,700 studente, van wie meer as 650 buitelanders, getrek.

Dr. Woltjer vestig die aandag op die feit dat die universiteit in die aanvangsjare nie in alle opsigte Calvinisties was nie, maar dit na verloop van tyd dit wel geword het.

Terwyl die voertaal Latyn was, is dit interessant om op te merk dat 'n praktiese wiskundekursus aan ingenieurs en genie-offisiere in die moedertaal aangebied is.

Beroemde hoogleraars was o.m. W. J. s'-Gravesande, Johannes Voet en die klassikus Daniel Heinsius. In sommige opsigte het die universiteit gedurende die 18e eeu sy ou roem nie kon handhaaf nie.

Na die vrywording van Nederland, in 1813, is die akademiese onderwys gereorganiseer. Terwyl in die buiteland die landstaal as onderwysmedium ingevoer is, is aan die Leidse universiteit Latyn gehandhaaf. As gevolg van die treurige toestand waarin die Nederlandse finansies na die oorlog teen die latere België verkeer het, het die nodige ontplooiing van die Leidse universiteit gedurende 'n groot aantal jare 'n ernstige terugslag ondervind wat veral op die gebied van die steeds belangriker wordende onderrig in natuurwetenskappe gevoel is. In die derde kwart van die 19e eeu het op verskillende gebiede 'n herlewing gevolg.

Die Nobelpryswenners P. Zeeman, H. A. Lorentz, Kamerlingh Onnes en Einthoven het die eertydse roem van die Leidse universiteit weer laat herstel.

Van die historikus J. Huizinga word op bl. 76 verklaar: „Men kan hem niet indelen bij enige wetenschappelijke school of richting, en een leermeester in de eigenlijke zin van het woord heeft hij niet gehad. Zeer veelzijdig was zijn begaafdheid: taalkunde en literatuur, beeldende kunsten en muziek, theologie en filosofie lagen alle binnen zijn bereik. Zijn studiën kregen hierdoor een breedte en een diepte zoals slechts weinigen weten te bereiken.”

In hoofstuk VIII (bl. 84 e.v.) is die lotgevalle van die Leidse universiteit gedurende en na die jongste Wêreldoorlog beskrywe.

Dit spreek vanself dat hierdie werkie slegs as 'n nuttige leidraad bedoel is. 'n Literatuurlys stel die leser in staat om dieper op die boeiende stof in te gaan om 'n omvattende beeld te verkry van die Leidse universiteit waar 'n groot aantal van ons eie landgenote in die verlede hul akademiese studie voortgesit of afgerond het. Ook vandag trek hierdie universiteit, wat binne afsienbare tyd sy vierde eeufees sal herdenk, nog 'n aantal van sy studente uit ons land. Laasgenoemde feite is reeds voldoende om die verskyning van hierdie studie te verwelkom.

J. Ploeger.

Hammond, R. J.: *Portugal and Africa — 1815-1910. A Study in 'neconomic Imperialism.* Stanford University Press, California.

Ons het reeds daaraan gewoonde geraak om na aanleiding van Rhodes se optrede in verband met die Transvaalse goudvelde en die gejag na minerale konsessies in Rhodesië wat onderskeidelik tot die Tweede Vryheidsoorlog en die Britse okkupasie van Rhodesië aanleiding gegee het, Europese imperialisme met ekonomiese nasionalisme te assosieer. Hobson¹ se verdoeming van die Britse optrede in Transvaal het as grondgedagte gehad dat die dryfveer agter Britse optrede die groot geldbelegger was waarvan Rhodes die simbool was. Hierdie siening van imperialisme kom ooreen met Lenin se opvatting naamlik dat die grondmotief van imperiale uitbreiding in Afrika 'n suiwere ekonomiese was. Westerse skrywers soos P. J. Moon² e.a. het hierdie uitgangspunt van Hobson onkrities aanvaar. Die gevolg is dat Afrikaanse en Engelse historici saam met kommunistiese historici 'n gemeenskaplike uitgangspunt gevind het in hul twintigste eeuse verdoeming van die rol wat imperialisme gespeel het in die okkupasie van die kontinent van Afrika.

Die skrywer van hierdie werk wys ten regte daarop dat 'n gedeelte van die probleem met Hobson se teorie van ekonomiese imperialisme daarin geleë is dat hy 'n buitengewone geval genoem het, dié van die Randse goudvelde en dit gaan veralgemeen het. Hobson se teorie, as 'n mens dit gaan toets aan die geskiedenis van Portugese uitbreiding in Afrika gedurende die negentiende eeu, hou volgens die skrywer nie water nie.

Kort nadat die seeweg aan die einde van die vyftiende eeu na Indië ontdek is, het Portugal faktorie of handelsstasies langs die Wes- en Oos-Afrikaanse kus gestig. Ofskoon die Portugese die Arabiese gesag langs die Oos-Afrikaanse kus vervang het, het hulle gedurende die drie eeue wat die negentiende eeuse imperialistiese uitbreiding van blanke gesag in Afrika voorafgegaan het, nie hierdie faktorie gesien as beginpunte van Portugese gesagsuitbreiding die binneland in nie. Die nie-blankes wat hulle op die kuste van Afrika teë gekom het en wat binne die grense van die faktorie geleef het, is nie as onderdane van Portugal gesien nie. Daar is met hulle geassosieer, hulle is nie onderwerp nie. Die rykdomme van die Ooste wat met Portugese karavels om die Kaap na Portugal aangekarwei is, het nie van Portugal 'n ryk land gemaak nie. Die Portugese kon eenvoudig nie van hul middeleeuse leefwyse wegbreek nie en het daar gedurende hierdie eeue geen ekonomiese groei in Portugal plaasgevind nie. Met die aanbreek van die negentiende eeu was Portugal 'n land wat nog nie vergebeweg het van die middeleeue nie.

Portugal self is 'n arm land en besit geen natuurlike rykdomme nie. Daar is geen minerale om van te praat nie en landboukundig is die gebied uiters arm. Nadat sy oosterse handel as gevolg van Britse, Franse en Nederlandse optrede gedurende die sewentiende en agtiende eeu so te sê verval het en geen nywerhede tuis opgerig kon word nie, het Portugal 'n land geword wat voortdurend met 'n internasionale skuldelaas te kampe gehad het terwyl die onbestendigheid van die regeringspartye, Portugal 'n politieke koerslose staat gemaak het. Buitelandse inmenging in die huishoudelike aangeleenthede van Portugal het weens Portugal se internasionale skuldelaas en binne-landse politieke bankrotskap nie uitgebly nie.

Hammond se standpunt is dat dit ook nie kon verwag word dat die Portugese leiwers in so 'n atmosfeer koloniale teorieë kon ontwikkel nie, behalwe die vae begrip van *provincias ultramarinas*, d.i. oorsese Portugese provinsies en eerstereg, d.w.s. dat 'n Europese land aanspraak kan maak op gebied wat hy die eerste betree het. Nadat

1. Vgl. sy *The War in South Africa, its causes and effects*, London 1900.

2. *Imperialism and World Politics*. MacMillan. 1926.

die konferensie van Berlyn (1884-5) die begrip effektiewe okkupasie as uitgangspunt vir die Europese okkupasie van Afrika aanvaar het en die Europese nasies, gesteun deur die rykdomme wat die nuwe nywerheidsrevolusie teweeg gebring het, Afrika betree het, kon Portugal weens sy eie innerlike ekonomiese en politieke swakheid nie aan die wedloop om Afrika deelneem nie. Hulle kon nouliks die soldate bekostig om hul handelstasies langs die kuste te beskerm teen inboorigaanvalle en is daar gedurende die negentiende eeu byna geen poging aangewend om die binneland aan hul gesag te onderwerp nie en waar hulle wel teen vyandige stamhoofde opgetree het, moes dit gepaard gaan met die minste koste.

Die Portugese het hul kolonies in Afrika behou weens hul geloof in hulself as 'n nasie en ook weens die internasionale wedywering tussen Brittanje en Duitsland. Nadat die grootste gedeelte van Afrika onder die drie groot moondhede van Europa nl. Engeland, Duitsland en Frankryk uitgedeel is, het Duitse en Britse uitbreiding in sentraal- en Oos-Afrika gestuit op gebied waarop Portugal aanspraak gemaak het maar teen die end van die negentiende eeu nog nie effektief geokkupeer het nie. Portugal sou Duitsland en Brittanje se belangebotsings uitbuit en daardeur internasionale erkenning kry vir koloniale besittings in Oos- en Wes-Afrika wat eers na 1913 effektief geokkupeer kon word. Gedurende die laaste dekade van die negentiende eeu tot 1910 toe die Huis van Bragança tot 'n val gekom het, is Portugal weens eie ekonomiese en militêre hulpeloosheid, op die golwe van die internasionale politiek rondgeslinger. Soos Hammond dit stel, Portugal was besig om „no more than running hard to keep in the same place: on the edge of the abyss” (p. 339).

Hierdie werk moet as aanvulling by Duffy se *Portuguese Africa* beskou word en het die outeur gevolglik ook 'n kennis van die geskiedenis van die Portugese kolonies sowel as die ontwikkeling van Portugese beleid t.o.v. kolonies by die leser veronderstel. Die werk kan gevolglik nie aanbeveel word by dié lesers wat geen kennis van die geskiedenis van Portugal en sy kolonies dra nie. Sulke lesers sal eenvoudig nie begryp waaroor dit gaan nie. Die werk veronderstel gevolglik ook nie om 'n geskiedenis van die Portugese in Afrika te wees nie, maar is eerder 'n studie van Portugese beleid en houding t.o.v. Afrika soos dit geraak en beïnvloed is deur gebeure in Afrika en in Portugal en deur die beleidsrigtings en houdings van ander moondhede. Dit probeer die sogenaamde wedloop om Afrika uit die standpunt van die Portugese sien.

Die outeur se metodologiese uitgangspunt is in navolging van die standpunt van Ranke, nl. dat die historikus se siening van die historiese gebeure hoofsaaklik binne die historiese inhoud van die gebeure en dokumentasie omgrens moet word en nie volgens 'n arbitrêre eksterne standaard nie. Die skrywer wys dan ook ten regte daarop dat die aanklag dat die historici oor Afrika „Eurosentries” skryf, verwerplik is bloot om die eenvoudige rede dat die verhaal van die okkupasie van Afrika in der waarheid Europees gemotiveer is. Dus „Looked at from a Portuguese point of view, the subject of this book makes sense; looked at from an African point of view, sympathize however much one may with the toad beneath the harrow, it would make no sense whatever.” Die outeur het hom laat lei deur die massa Portugese, Franse, Duitse en Britse dokumente en sekondêre werke wat die tydperk van die Europese kolonisasie van Afrika gedurende die negentiende begin twintigste eeu dek. Dit is net jammer dat hy nie ook die paar Afrikaanse werke wat gaan oor die implikasies van die bou van die oosterspoorlyn vanaf Lourenço Marques na Pretoria kon raadpleeg nie. Hy het egter die jongste Engelse literatuur deur Suid-Afrikaanse outeurs oor die onderwerp gebruik.

In sy geheel moet hierdie werk gesien word as 'n wetenskaplik gefundeerde werk wat 'n uiters belangrike aanvulling verteenwoordig tot ons kennis van die geskiedenis

van Afrika en in besonder die geskiedenis van die Portugese gebiede in Afrika. Sy formulering van die begrip *imperialisme* deur die toevoeging van die belangrikheid van die onekonomiese aspek daarvan, sal waarskynlik tot 'n herwaardering van die opvatting van ekonomiese imperialisme lei soos dit geformuleer is deur Hobson, in sekere kringe ideologies aanvaarbaar gemaak is deur Lenin en in akademiese kringe gevestig is deur skrywers soos Moon.

T. S. van Rooyen.

Spohr, O. H., *Zacharias Wagner, second Commander of the Cape.* R3.50, pp. 103, 40 ill., A. A. Balkema, Kaapstad, 1967.

Wagner, by ons meer bekend as Wagenaer, was een van die mees bereisde mense van sy eeu. Hy is in 1614 in Dresden gebore en op negentienjarige leeftyd vertrek hy na Amsterdam, waar hy by die beroemde Blaeu in diens tree. 'n Jaar later vertrek hy na Brasilië as klerk vir die kombuis. Hy neem deel aan 'n aantal ekspedisies, o.a. na Salvadore. In 1641 is hy terug in Duitsland. Die lewe daar is hom egter te rustig, en in 1642 is hy op pad na die Ooste. Hier maak hy vinnig promosie en hy trou met 'n vooraanstaande dame. Hy word in bevel geplaas van belangrike diplomatieke en handelsekspedisies na Tonken, Formosa, Kanton, Japan en Macao. Van 1662 tot 1666 is hy kommandant aan die Kaap. In 1667 het hy die bevel van 'n missie na Borneo, maar daarna gaan hy eindelik weer huis toe. Voordat hy egter Duitsland kon bereik, sterf hy op 1 Oktober 1668 in Amsterdam.

Daar is twee manuskripte van die hand van Wagenaer, wat Spohr in Dresden laat bind het: 'n diereboek en 'n joernaal.

Die diereboek handel veral oor die dierelewe in Brasilië en dit is geïllustreer met gekleurde prente deur Wagenaer self. Van die 110 prente, waarvan daar 29 hier gereproduceer is, is daar 27 oor visse, 16 van voëls, en verder oor vrugte en plante (18), viervoetige diere (19), insekte (6), slange (2), inheemse bewoners (7) en landskappe en stadsgesigte (10). Wel 'n bewys van Wagenaer se algemene belangstelling. Terwyl hy met Maurits van Nassau op ekspedisies rondreis, het hy die wêreld om hom heen mees terlik geobserveer en weergegee. Spohr gaan diep op die herkoms en die oorspronklikheid van die geskrifte en die artistieke waarde van die prente in. Dit is die moeite werd om hierdie afbeeldings te vergelyk met dié van Claudius wat saam met goewerneur Van der Stel Namakwaland ingetrek het (uitgegee deur die Africana Museum, Johannesburg). Na die reproduksies te oordeel, is daar wel enige ooreenkom in benadering te bespeur.

Die Kaap was in die sestiger jare van die 17de eeu nog maar 'n agteraf plekkie en die kommandantskap van Wagenaer, wat vir ons baie belangrik is, beteken nog nie dat hy tot die allerhoogste kringe van die V.O.K. behoort het nie. Maar hy het van gewone soldaat tot hierdie rang geklim en uit sy herhaalde aanstellings as kommandant van moeilike en belangrike handelsmissies, blyk tog dat hy geweet het wat hy wou en dat daar waardering vir sy bekwaamheid bestaan het.

Die joernaal handel oor die reise van Wagenaer gedurende 35 jaar in Europa, Asië, Amerika en Afrika. Spohr bespreek dit krities en kom tot die gevolgtrekking dat dit 'n uittreksel uit 'n oorspronklike joernaal van Wagenaer is, deur 'n tweede hand opgestel. Wagenaer meld o.a. dat hy, nadat Van Quaelberg as opvolger in die Kaap aangekom het, sy besittings gepak het en na Batavia vertrek het. Ons wens dat hy 'n inventaris van daardie besittings vir ons nagelaat het!

Dit is 'n goeie boek wat baie lig werp op 'n figuur in ons geskiedenis, oor wie daar nie baie gegewens beskikbaar is nie. Eintlik is dit beperk tot 'n kritiese bespreking van die nuwe bronne wat nou in Dresden beskikbaar geword het. In verhouding het Wagenaer ook maar 'n baie korte tyd, slegs 4 uit sy 35 jaar diens, aan

die Kaap vertoef. Hy het ook maar daar gekom omdat die opvolger van Jan van Riebeeck, Gerrit van Harn, op reis hierheen oordele is. Moontlik het ook Here XVII Wagenaer se aanstelling as tydelik beskou; hy was meer werd in die Ooste!

Die skrywer het ten volle daarin geslaag om Wagenaer teen 'n juiste agtergrond te plaas. Die illustrasies uit die Brasiliaanse boek is sodanig gekies dat veral sy veelzijdigheid ruimskoots aangetoon word.

Dit is 'n waardevolle bydrae tot die geskiedenis van die eerste vyftig jaar van die Kaapse nedersetting.

F. G. E. Nilant.

Van Jaarsveld, F. A. en Scholtz, G. D. (red.): *Die Republiek van Suid-Afrika: Agtergrond, Ontstaan en Toekoms*. 307 pp., R3.50. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1966.

Met die oog op die Republiekfees van 31 Mei 1966 het Voortrekkerpers dit goed gedink om 'n gedenk bundel saam te stel wat gelyktydig 'n bruikbare leerboek sou wees lank nadat die fees verby is. Die uitgewers het daarin geslaag om twee van Suid-Afrika se bekendste geskiedskrywers die redaksionele arbeid te laat onderneem: dr. G. D. Scholtz het die hoofstukindeling beplan en prof. F. A. van Jaarsveld het die bydraes nagesien, gekoördineer en gerangskik. Wat die bydraes self betref, die is met uitsondering van die eerste opstel (deur 'n politikus — dr. H. F. Verwoerd) en die laaste opstel (deur 'n radioman — dr. P. J. Meyer) almal afkomstig van historici, politieke wetenskaplikes en joernaliste. Die gehalte van hierdie bydraes wissel van baie goed (bv. die twee opstelle van prof. F. A. van Jaarsveld) na minder goed (bv. die opstel van Sakkie van der Merwe), en dit is daarom wenslik om kortliks by elkeen stil te staan:

Dr. H. F. Verwoerd is versoek om een en ander van persoonlike aard oor die Republiek mee te deel en in sy *Herinneringe op die Republikeinse Pad* vertel hy in 'n bietjie meer as drie bladsye van sy ervaringe in die verband. Die interessantste van sy onthullings is die memedelings dat hy in 1937 deur dr. D. F. Malan betig is omdat hy as redakteur van die *Die Transvaler* die republikeinse ideaal so openlik gepropageer het, en dat adv. J. G. Strijdom nie te vinde was vir 'n referendum waar met 'n blote meerderheid van een stem vir of téén 'n republiek beslis moes word nie.

Dr. G. D. Scholtz spoor *Die Wortels van ons Republikeinse Beginsels* na vanaf die Hervorming tot aan die voorraand van die Groot Trek. In hierdie tydspan van drie eeue belig hy op voortreflike wyse daardie momente waar die vryheidsgedagte (ten nouste verbonde aan die republikeinse staatsopvatting) sterk op die voorgrond tree: Calvyn se voorliefde vir die republikeinse staatsvorm, die Nederlanders se vryheidstryd teen Filips II van Spanje, die eerste vryburgers se protes teen die ekonomiese dwangmatreëls van die N.O.I.K., die verset teen die onderdrukking deur W. A. van der Stel en die opstand van 1795 in Graaff-Reinet en Swellendam.

Prof. F. A. van Jaarsveld skrywe in 'n lang opstel van 35 bladsye oor *Die Stryd om die Vestiging van die Republikeinse Onafhanklikheid (1836-1854)*. Dit is duidelik dat die skrywer sy materiaal ten volle beheers: nie alleen is hy vertrouwd met die klein details nie, maar hy toon ook die groot samehange en kontraste aan. Hierdie opstel hoort onder die heel bestes in die bundel: die styl is eenvoudig en vlot, die gedagtes oorspronklik en insiggewend, die totaal-beeld skerp en afgerond.

Prof. C. F. Nieuwoudt gee 'n indringende uiteensetting van *Die Konstitusies van die Vrystaat- en Transvaalse Republiek*. Hy wys ook op die verskille in die twee state se konstitusionele ontwikkeling: in die Oranje-Vrystaat stil en bedaaard, in die Transvaal onsturig en twisgiestig.

Prof. F. A. van Jaarsveld se tweede hydrae, wat gaan oor *Die Stryd om die Behoud van die Republikeinse Onafhanklikheid* (1854-1902), is ook van hoë standaard. Bewonderenswaardig is ook hier die stewige greep wat die skrywer op sy materiaal het. Op 'n paar plekke het ek vraagtekens in die kantlyn geplaas, o.a. by: „Waar ons vandag bedreig word deur 'n swart imperialisme van binne Afrika . . .” (91). Ek vra my af of „imperialisme” die regte woord is. Op p. 112 vertel die skrywer ons „Hofmeyr en Rhodes was albei gekant teen Imperiale inmenging in Suid-Afrika” en agt reëls verder weer dat dieselfde Rhodes die leier van „die Imperialisme in Suidelike Afrika” was. Hoe werk dit? Ook gebruik die skrywer enkele eienaardige uitdrukkings: „Brand het ingebind” (98). Opvallend is voorts die besonder noue aanknopning van die hede by die verlede. Dit wemel van paralelle in die verband: „Wat die Afrikaners in die 19de eeu van die Ryksregering ervaar het, ondervind Rhodesië tans” (93). „Uit die studie sal blyk dat die Afrikaner se poging om te verenig . . . vergelyk kan word met die hedendaagse Pan-Afrikaanse beweging” (94). „In sekere opsigte was die Afrikaners . . . die eerste anti-kolonialiste” (94). Op verskeie plekke is daar treffende beeldspraak: „ . . . die *Winde van Verandering* wat koud en rooi uit die Noorde teen ons waai” (94). „ . . . in 1892 het die Kaapse trein die Rand binnegestoom en hom soos 'n maer kalf vet gesuip aan die Johannesburgse koei” (111).

Dr. M. C. E. van Schoor se hydrae, *Die Herlewing van die Republikeinse Ideaal* (1902-1961), spoor die gebeurtenisse na in die meer as 'n halfeeu wat lê tussen die ondergang van die Boere-republieke (1902) en die geboorte van die Republiek van Suid-Afrika (1961). Wanneer die tydperk wat in hierdie opstel beskrywe word in ag geneem word, is hierdie lang en deeglike hydrae bepaald die sleutel-hoofstuk in die bundel. 'n Mens vind ook hier gegewens wat nie altyd in die boeke oor die politieke geskiedenis van die 20ste eeu vermeld word nie. As sodanig is dit 'n waardevolle hydrae tot die geskiedenis van 'n tydperk wat deur sir Keith Hancock tereg die „Dark Age” van ons geskiedenis genoem word (*Smuts II, preface*). Die balans van hierdie opstel kon egter beter gewees het: terwyl aan die eerste 38 jaar (1910-1961) sowat 40 bladsye bestee word, word die belangrike laaste 13 jaar (1948-1961) in slegs 3 bladsye afgehandel. Kortliks net twee verdere opmerkings: (1) Wanneer dr. Van Schoor die posisie in die Transvaal en die Vrystaat na 1910 in oënskou neem, is sy bevinding dat die republikeinse ideaal in Transvaal „vertroebel” geraak het en „in die sand van die vergetelheid verloop het”, maar dat dieselfde ideaal in die Vrystaat wakker gehou is deur pres. Steyn. Ek vra my egter af of mens so kan veralgemeen net omdat die Transvaalse leiers, Botha en Smuts, hulle na 1910 nie vir 'n republiek beywer het nie. Het Paul Kruger se gees so gou gewyk? (2) Dr. Van Schoor skrywe voorts dat hoewel Hertzog aanvanklik (einde 1939 begin 1940) nie die N.P. se formulering van die republikeinse ideaal wou aanvaar nie, hy „klaarblyklik deur sy aanhangers oorgehaal is om sy besware te laat vaar” en daar op 29 Januarie 1940 'n ooreenkoms bereik is tussen Hertzog en die N.P. (p. 177). Uit die woorde wat dr. Van Schoor aanhaal lyk dit egter vir my of dit die N.P. was wat kopgegee het en Hertzog se standpunt (dat partylidmaatskap nie ontsê moet word aan anti-republikeinse nie) geseëvier het.

Sakkie van der Merwe se hydrae, *Die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika 31 Mei 1961*, kan nie as geslaagd beskou word nie. Daarvoor is dit te emosioneel en te partydig. Dit verdien geen ernstige kommentaar nie.

Dr. F. J. H. Wessels skrywe oor *Ons Republikeinse Grondwet* en wys daarin duidelik op die inengroeiing van die monargale tradisie en die republikeinse tradisie. Irriterend is die aanhoudende gebruik van: „Ons let op die rasse . . .” (231). „Ons let op ons burgervryhede . . .” (231). „Maar finaal let ons op . . .” (231). „Ons

moet nou nog let op . . . " (235): „Wanneer ons nou let op . . . " (237). En tot vervelens toe.

Dr. G. D. Scholtz se kort opstel, *Die Republiek na Vyf Jaar — Politiek Gesien*, gaan dikwels oor dinge wat plaasgevind het vóór en ná die vyf jaar wat dit veronderstel is om te oorsien. Van hoogstaande gehalte is dit nie. Dr. Scholtz sien die stryd van die toekoms tussen nasionalisme en liberalisme: „Terwyl die stryd in die verlede tussen die imperialisme en die nasionalisme gewoed het, sal dié van die toekoms waarskynlik tussen die liberalisme en die nasionalisme beslis moet word . . . Die toekoms sal moet beslis of die nasionalisme, soos dit hom op die Afrikaanse bodem openbaar, ook in staat sal wees om die liberalisme te oorwin.” Vir my lyk dit of daar op die oomblik minstens ’n ernstige onsekerheid heers oor hoe die nasionalisme hom op die Suid-Afrikaanse bodem behoort te openbaar. Moet dit ’n enge, geïsoleerde, sieklike en verkrampde nasionalisme wees of ’n breë, ope, gesonde en verligte nasionalisme? Of die nasionalisme die stryd teen die liberalisme gaan wen, gaan ook afhang van watter van die genoemde twee nasionalismes gaan seëvier.

Bert Ferreira gee in *Die Republiek na Vyf Jaar — Ekonomies Gesien* ’n oorsig oor die finansies, die nywerheid, en die handel. Met die kort paragrafies (baie bestaan net uit een kort sinnetjie!) en die honderde syfers is dit beslis nie boeiende leesstof nie, maar dit is duidelik dat die skrywer sy onderwerp ken.

Dr. P. J. Meyer kry die laaste woord in met ’n bydrae *Nasionalisme: Die Onsigbare Vlam*. Hierin poog hy om die kenmerke van die Afrikaanse nasionalisme te beskrywe. Hy doen dit deur „die drie vernaamste struktuurbeginsels” van die Afrikaanse nasionalisme, nl. die Afrikaner se geloof, taal en volkarakter, onder die soeklig te plaas. Ek kan egter nie sê dat hierdie opstel uitmunt in helderheid nie. Daar is veel in wat newelagtig en bombasties is — en dit is nie slegs die onderwerp se skuld nie. Dr. Meyer se poging om die Afrikaner se karakter te skets, is teleurstellend. Die opmerkings wat die Engelsman Ramsay MacDonald aan die begin van die eeu oor die Afrikaner gemaak het, is veel insiggewender.

In sy geheel gesien is hierdie bundel opstelle ’n waardevolle bydrae tot ons kennis van ons republikeinse strewes.

B. J. Liebenberg

Nienaber-Luitingh, M., *In die Skaduwees van die Akropolis, indrukke en verhale uit Athene*. R1.65, pp. 125. Human en Rousseau, Kaapstad, 1966.

Daar word gesê dat mens eers die stad Napels moet sien voordat jy sterwe. In werklikheid is dit eerder op Athene van toepassing en dit is duidelik dat mev. Nienaber hierdie opvatting deel. Sy probeer nie om iets nuuts te vermeld nie, sy beskrywe net die indrukke wat ’n Afrikaanse gesin in Athene en omgewing opgedoen het. Sy is die juiste persoon om dit te doen. Deur haar opvoeding en skoolonderrig, beskik sy oor ’n wye algemene kennis. Tussen die uitstappies deur vertel sy oor die ou Griekse geskiedenis, oorlewerings en mites. Sy verwys uitvoerig na die klassieke Griekse literatuur, na Homerus en Herodotus, maar ook na moderne Afrikaanse skrywers, soos Opperman. Baie van die verhale het ons oor en oor gehoor, maar soos hulle in hierdie boek vertel word, lees ons dit tog weer met nuwe belangstelling.

Vir die moderne mens is die klassieke Griekse kuns geneig om swaar te wees; dit bring ons nie meer so tot ekstase as wat dit die geval was met vroeëre generasies nie. In hierdie boek verneem ons egter net genoeg om dit verteerbaar te laat bly en ons ervaar saam met die skryfster die opwinding wat elke besoeker aan Athene ondergaan wanneer hy vir die eerste keer die Akropolis opklim.

Ook die bruisende moderne lewe in die stad word met entoesiasme verhaal. Jammer dat die verblyf in Griekeland so betreklik kort was, waardeur klein interessante dinge-

Prof. F. A. van Jaarsveld se tweede bydrae, wat gaan oor *Die Stryd om die Behoud van die Republikeinse Onafhanklikheid* (1854-1902), is ook van hoë standaard. Uewonderenswaardig is ook hier die stewige greep wat die skrywer op sy materiaal het. Op 'n paar plekke het ek vraagtekens in die kantlyn geplaas, o.a. by: „Waar ons vandag bedreig word deur 'n swart imperialisme van binne Afrika . . .” (91). Ek vra my af of „imperialisme” die regte woord is. Op p. 112 vertel die skrywer ons „Hofmeyr en Rhodes was albei gekant teen Imperiale inmenging in Suid-Afrika” en agt reëls verder weer dat dieselfde Rhodes die leier van „die Imperialisme in Suidelike Afrika” was. Hoe werk dit? Ook gebruik die skrywer enkele eienaardige uitdrukkings: „Brand het ingebind” (98). Opvallend is voorts die besonder noue aanknopning van die hede by die verlede. Dit wemel van paralelle in die verband: „Wat die Afrikaners in die 19de eeu van die Ryksregering ervaar het, ondervind Rhodesië tans” (93). „Uit die studie sal blyk dat die Afrikaner se poging om te verenig . . . vergelyk kan word met die hedendaagse Pan-Afrikaanse beweging” (94). „In sekere opsigte was die Afrikaners . . . die eerste anti-kolonialiste” (94). Op verskeie plekke is daar treffende beelddraai: „. . . die *Winde van Verandering* wat koud en rooi uit die Noorde teen ons waai” (94). „. . . in 1892 het die Kaapse trein die Rand binnegestoom en hom soos 'n maer kalw vet gesuipt aan die Johannesburgse koel” (111).

Dr. M. C. E. van Schoor se bydrae, *Die Herlewing van die Republikeinse Ideaal* (1902-1961), spoor die gebeurtenisse na in die meer as 'n halfeeu wat lê tussen die ondergang van die Boere-republieke (1902) en die geboorte van die Republiek van Suid-Afrika (1961). Wanneer die tydperk wat in hierdie opstel beskrywe word in ag geneem word, is hierdie lang en deeglike bydrae bepaald die sleutel-hoofstuk in die bundel. 'n Mens vind ook hier gegewens wat nie altyd in die boeke oor die politieke geskiedenis van die 20ste eeu vermeld word nie. As sodanig is dit 'n waardevolle bydrae tot die geskiedenis van 'n tydperk wat deur sir Keith Hancock tereg die „Dark Age” van ons geskiedenis genoem word (*Smuts II, preface*). Die balans van hierdie opstel kon egter beter gewees het: terwyl aan die eerste 38 jaar (1910-1961) sowat 40 bladsye bestee word, word die belangrike laaste 13 jaar (1948-1961) in slegs 3 bladsye afgehandel. Kortliks net twee verdere opmerkings: (1) Wanneer dr. Van Schoor die posisie in die Transvaal en die Vrystaat na 1910 in oënskou neem, is sy bevinding dat die republikeinse ideaal in Transvaal „vertroebel” geraak het en „in die sand van die vergetelheid verloop het”, maar dat dieselfde ideaal in die Vrystaat wakker gehou is deur pres. Steyn. Ek vra my egter af of mens so kan veralgemeen net omdat die Transvaalse leiers, Botha en Smuts, hulle na 1910 nie vir 'n republiek beywer het nie. Het Paul Kruger se gees so gou gewyk? (2) Dr. Van Schoor skrywe voorts dat hoewel Hertzog aanvanklik (einde 1939 begin 1940) nie die N.P. se formulering van die republikeinse ideaal wou aanvaar nie, hy „klaarblyklik deur sy aanhangers oorghaal is om sy besware te laat vaar” en daar op 29 Januarie 1940 'n ooreenkoms bereik is tussen Hertzog en die N.P. (p. 177). Uit die woorde wat dr. Van Schoor aanhaal lyk dit egter vir my of dit die N.P. was wat kopgegee het en Hertzog se standpunt (dat partylidmaatskap nie ontsê moet word aan anti-republikeine nie) gesêvier het.

Sakkie van der Merwe se bydrae, *Die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika 31 Mei 1961*, kan nie as geslaagd beskou word nie. Daarvoor is dit te emosioneel en te partydig. Dit verdien geen ernstige kommentaar nie.

Dr. F. J. H. Wessels skrywe oor *Ons Republikeinse Grondwet* en wys daarin duidelik op die inengroeiing van die monargale tradisie en die republikeinse tradisie. Irriterend is die aanhoudende gebruik van: „Ons let op die rasse . . .” (231). „Ons let op ons burgerryhede . . .” (231). „Maar finaal let ons op . . .” (231). „Ons

moet nou nog let op . . . " (235). „Wanneer ons nou let op . . . " (237). En tot vervelens toe.

Dr. G. D. Scholtz se kort opstel, *Die Republiek na Vyf Jaar — Politiek Gesien*, gaan dikwels oor dinge wat plaasgevind het vóór en ná die vyf jaar wat dit veronderstel is om te oorsien. Van hoogstaande gehalte is dit nie. Dr. Scholtz sien die stryd van die toekoms tussen nasionalisme en liberalisme: „Terwyl die stryd in die verlede tussen die imperialisme en die nasionalisme gewoed het, sal dié van die toekoms waarskynlik tussen die liberalisme en die nasionalisme heles moet word . . . Die toekoms sal moet beslis of die nasionalisme, soos dit hom op die Afrikaanse bodem openbaar, ook in staat sal wees om die liberalisme te oorwin.” Vir my lyk dit of daar op die oomblik minstens 'n ernstige onsekerheid heers oor hoe die nasionalisme hom op die Suid-Afrikaanse bodem behoort te openbaar. Moet dit 'n enge, geïsoleerde, sieklike en verkrampde nasionalisme wees of 'n breë, ope, gesonde en verligte nasionalisme? Of die nasionalisme die stryd teen die liberalisme gaan wen, gaan ook afhang van watter van die genoemde twee nasionalismes gaan seëvier.

Bert Ferreira gee in *Die Republiek na Vyf Jaar — Ekonomies Gesien* 'n oorsig oor die finansies, die nywerheid, en die handel. Met die kort paragrafies (baie bestaan net uit een kort sinnetjie!) en die honderde syfers is dit beslis nie boeiende leesstof nie, maar dit is duidelik dat die skrywer sy onderwerp ken.

Dr. P. J. Meyer kry die laaste woord in met 'n bydrae *Nasionalisme: Die Onsigbare Vlam*. Hierin poog hy om die kenmerke van die Afrikaanse nasionalisme te beskrywe. Hy doen dit deur „die drie vernaamste struktuurbeginsels” van die Afrikaanse nasionalisme, nl. die Afrikaner se *geloof, taal* en *volkskarakter*, onder die soeklig te plaas. Ek kan egter nie sê dat hierdie opstel uitmunt in helderheid nie. Daar is veel in wat newelagtig en bombasties is — en dit is nie slegs die onderwerp se skuld nie. Dr. Meyer se poging om die Afrikaner se karakter te skets, is teleurstellend. Die opmerkings wat die Engelsman Ramsay MacDonald aan die begin van die eeu oor die Afrikaner gemaak het, is veel insiggewender.

In sy geheel gesien is hierdie bundel opstelle 'n waardevolle bydrae tot ons kennis van ons republikeinse strewe.

B. J. Liebenberg

Nienaber-Luitingh, M., *In die Skaduwees van die Akropolis, indrukke en verhale uit Athene*. R1.65, pp. 125. Human en Rousseau, Kaapstad, 1966.

Daar word gesê dat mens eers die stad Napels moet sien voordat jy sterwe. In werklikheid is dit eerder op Athene van toepassing en dit is duidelik dat mev. Nienaber hierdie opvatting deel. Sy probeer nie om iets nuuts te vermeld nie, sy beskrywe net die indrukke wat 'n Afrikaanse gesin in Athene en omgewing opgedoen het. Sy is die juiste persoon om dit te doen. Deur haar opvoeding en skoolonderrig, beskik sy oor 'n wye algemene kennis. Tussen die uitstappies deur vertel sy oor die ou Griekse geskiedenis, oorlewerings en mites. Sy verwys uitvoerig na die klassieke Griekse literatuur, na Homerus en Herodotus, maar ook na moderne Afrikaanse skrywers, soos Opperman. Baie van die verhale het ons oor en oor gehoor, maar soos hulle in hierdie boek vertel word, lees ons dit tog weer met nuwe belangstelling.

Vir die moderne mens is die klassieke Griekse kuns geneig om swaar te wees; dit bring ons nie meer so tot ekstase as wat dit die geval was met vroeëre generasies nie. In hierdie boek verneem ons egter net genoeg om dit verteerbaar te laat bly en ons ervaar saam met die skryfster die opwinding wat elke besoeker aan Athene ondergaan wanneer hy vir die eerste keer die Akropolis opklim.

Ook die bruisende moderne lewe in die stad word met entoesiasme verhaal. Jammer dat die verblyf in Griekeland so betreklik kort was, waardeur klein interessante dinge-

tjies oor die hoof gesien is. Daar is bv. die glas water wat mens by elke bestelling in 'n restaurant kry, as simbool van gasvryheid. Helaas was die skryfster ook blykbaar nie in Delphi, by Sounion en op Kreta nie. Ons sou haar beskrywings daaroor met belangstelling gevolg het. Want waar sy wel was, die noordelike Peleponnesia, Korinte, Mykene, Eplourus en 'n paar van die bekende Griekse eilande, laat ons intens saamlewe met haar ervarings. Die skryfster het bowendien 'n goeie individuele smaak vir kuns en sy kom kordaat vir haar mening uit.

Daar is egter 'n paar dinge waarmee ek nie kan saamstem nie. Die spelling van party plekname is ongewoon en sy bly ook nie konsekwent in daardie spelling nie. Mev. Nienaber het 'n besonder groot bewondering vir Heinrich Schliemann en sy voel verwytdend teenoor lord Elgin. Dit is begryplik. Sonder om egter Schliemann te verkleineer, heskou ek hom tog meer soos 'n romantiese en entoesiastiese skatsoeker. Sy tekort aan voorsorgmaatreëls het in Mykene meer laat instort as wat miskien noodsaaklik was. Lord Elgin daarenteen, gesien teen die agtergrond van sy eie tyd en toenmalige Turkse onwil, was wel deeglik 'n bewaarder, alhoewel ook hy natuurlik nie vry was van rowerstreke nie. Hoe dit ook al mag wees, wanneer ons vandag by die Parthenon rondstap, vra ons ons af hoeveel meer die Londense marmer teen hierdie oorspronklike agtergrond tot sy reg kom as in die Duveen-saal van die Britse Museum. 'n Paar foto's of afbeeldings sou miskien illustrerend en paslik gewees het.

Dit is 'n baie fris en verdienstelike boek, wat vlot en onderhoudend geskryf is. Dit is netjies uitgevoer en daar is 'n beknopte biografie wat hom nie, soos so dikwels, beperk tot Engelse titels nie.

F. G. E. Nilant.

Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal No. 7. *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (met bylae), deel VII, 1867-1868.* Persklaar gemaak deur D. C. Joubert, M.A. Pp. xvi, 302. Kaapstad, 1966.

Na 'n lang onderbreking — deel VII het in 1956 verskyn — is daar met bogenoemde uitgawe weer 'n deel tot die bekende en waardevolle reeks argiefpublikasies toegevoeg. Die volksraadsnotule met sy bylae bly nou eenmaal die sentrale argiefgroep en daarom vergemaklik die publikasie daarvan navorsing in 'n baie groote mate. Vanuit hierdie publikasie kan die ander argiefgroepe van die Suid-Afrikaanse Republiek makliker benader word. Dit moet ongetwyfeld stimulerend werk op navorsing in die ou Transvaalse geskiedenis. Die volle vrugte daarvan sal egter eers gesien word as die reeks voltooi is en die hoop word hiermee uitgespreek dat doelbewus met die publikasie van die reeks voortgegaan word.

Die uitgawe is weer noukeurig versorg en die redakteur, D. C. Joubert, het alle eer daarvan. Dit is goed voorsien van verwysings en registers wat die gebruik daarvan baie maklik maak.

Soos gebruikelik word in die inleiding 'n aanduiding gegee van die vernaamste sake wat die aandag van die volksraad oor die betrokke periode geveer het. Dit was 'n onsekere periode in die geskiedenis van die Republiek. Toestande in die distrik Soutpansberg het al meer gespanne geword vanweë die bedreiging van vyandige Bantoesamme en sou kort hierna tot uitbarsting kom. Die stukke gee ook 'n indruk van die onsekere wyse waarop M. W. Pretorius op hierdie stadium die presidentspos beklee het. Hy het selfs aangebied om te bedank weens beskuldigings wat teen hom gerig is. Daarbenewens was daar ook moeilikhede met verskeie ander amptenare. Die ekonomiese toestand was swak.

Die hoop word hiermee uitgespreek dat die volgende deel van hierdie reeks nie te lank op hom sal laat wag nie.

F. J. du T. Spies.

Drascher, W. (intr.), *Hinrich Lichtenstein: Reisen im südlichen Afrika in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806*; 2 dele, pp. 685 en 660; F. A. Brockhaus, Stuttgart, 1967.

In die serie *Quellen und Forschungen zur Geschichte der Geographie und der Reisen* (ed. Dr. H. Beck), het as vierde deel 'n heruitgawe verskyn van die bekeerde reisjoernaal deur H. Lichtenstein.

Martin Karl Hinrich Lichtenstein is op 10 Januarie 1780 in Hamburg gebore. In 1802 behaal hy sy doktorsgraad in die geneeskunde, maar tegelykertyd het hy hom in die algemene natuurwetenskap verdiep. Reeds as kind het hy belangstelling gehad vir Suid-Afrika. Toe 'n geleentheid hom voordoen om met daardie verafgeleë land persoonlik kennis te kan maak, het hy dit onmiddellik gebruik. Hy word privaat-onderwyser van die seun van generaal Janssens, goewerneur van die Kaap tydens die Dataafse Republiek. In 1803 kom Lichtenstein in Kaapstad aan, waar hy al spoedig 'n wye vriendekring verwerf. Hy word later toegevoeg aan die personeel van kommandant J. A. de Mist en hy reis saam op die bekende inspeksiereis wat een-en-'n-half jaar geduur het. Na terugkeer in Kaapstad het hy nog 'n aantal kere op reis gegaan: na die Oostelike Provinsie, na die noorde tot aan die Oranjerivier en selfs tot oor die grens van die Kolonie na Betsjoeanaland.

Nadat die Kaap in 1806 vir die tweede keer in Britse besit gekom het, keer Lichtenstein terug na Duitsland. Sy verdere lewe het hy aan die wetenskap gewy. In 1811 word hy professor in dierkunde aan die nuwe Universiteit van Berlyn. In 1841 word die beroemde dieretuin van Berlyn geopen, waarvan Lichtenstein die grondlêer was. Lichtenstein was besonder intelligent, vee'sydig en taktvol en gevolglik was hy baie populêr. Hy was bowendien baie musikaal, met 'n uitgesproke voorkeur vir Von Weber. Vir die res van sy lewe het hy die Kaap egter nie uit die oog verloor nie. Menigkeer stuur hy 'n jong geleerde na Suid-Afrika om sy biologiese versameling uit te brei. Helaas was hy te besig om, behalwe kleiner opstelle, nog veel oor Suid-Afrika te publiseer. Hy is dood in 1857, tydens 'n reis na Stockholm.

Sy bekende boek oor die Kaap verskyn in 1811 en 1812 in Duits by C. Salfeld in Berlyn. 'n Hollandse uitgawe verskyn in Dordrecht in 1813 en 1815. Die Engelse uitgawe, vertaal deur Anne Plumptre, sien in 1812 en 1815 die lig. Dit is hierdie uitgawe wat in die publikasies van die *Van Riebeeck Vereniging* (no. 10 en 11, 1928, 1930) herdruk is. Volgens dr. J. Hoge (*Africana Aant. en Nuus*, dl. 5, bl. 88) is hierdie Engelse vertaling egter so vol foute en onnoukeurighede dat dit nie as 'n betroubare geskiedkundige bron gebruik kan word nie.

In sy werke toon Lichtenstein homself 'n simpatieke en begrypende aanskouer, wat nooit self op die voorgrond dring nie. Hy strewende na die waarheid en hy is nie daarop uit om besondere awonture en sensasionele voorvalle te vertel nie. Maar dit blyk telkens weer dat Lichtenstein 'n skerpe oog vir die verskynsels in die natuur gehad het. Daar het hom niks ontgaan nie en hy vermeld ook alles. Maar hoewel die natuur baie aandag gekry het, was dit uiteindelik tog die mens self waarvoor hy die grootste belangstelling aan die dag gelê het. Hy gee uitstekende beskrywings van die toenmalige koloniste, maar ook die inboorlinge het sy aandag. Hy is opmerklik vry van vooroordeel. Juis daarom is dit so opvallend dat hy die gevolge van die kafferoroeloe op skrilte manier beskryf. In vergelyking met die bantoes het die Bosmans egter 'n slegte indruk op hom gemaak. Dit was trouens, die enigste bevolkingsgroep waarvan hy moeilikhede ondervind het. Ook uit die uitstekende karakterisering van die Kaapse kleurling blyk dit hoe waarheidsgetrou sy woorde is.

Lichtenstein is een van die belangrikste inligtingsbronne m.b.t. die Kaap aan die begin van die 19de eeu, die oomblik dus waarop die Hollandse bestuur beëindig word en die Britse beheer 'n aanvang neem. Lichtenstein weerspreek dikwels, selfs

direk, die mening van John Barrow. Hoewel Barrow met 'n Kaapse dame getroud was, het hy geen simpatie vir die bewoners in die hinneland gehad nie en sy beskrywings is vol wrewel en vooroordeel. Helaas is Barrow vir 'n baie lang tyd as die juiste bron vir die bevolking en toestande aan die Kaap beskou. Lichtenstein het baie daartoe bygedra om daardie oordeel in ander bane te lei. Ook vroeëre reisigers, soos Kolb, Sparrman, Le Vaillant en Thunberg, word partymaal deur hom gekritiseer. Dis duidelik dat Lichtenstein hulle reisbeskrywings noukeurig gelees het.

Lichtenstein beskryf 'n wêreld van veld en bosse, bewoon deur eensame mense. Vandag is daardie wêreld op baie plekke industriële gebiede of streke waar ongekende minerale rykdomme ontgin word. Maar die wyse voorkoms van die land en die karakter van die bewoners het tot vandag toe grotendeels onveranderd gebly. Dis opvallend dat hy reeds gereeld van Afrikaners praat. Gevo'glik het sy boek selfs vandag nog, niks van sy aanvanklike belangrikheid verloor nie. Na honderd-en-vyftig jaar is eindelijk, die oorspronklike Duitse teks weer vir almal beskikbaar.

Die boek is besonder netjies uitgegee. Dit het reproduksies van die oorspronklike afbeeldings en die landkaart in deel I.

F. G. E. Nilant.

Romein, Jan, *Op het breukvlak van twee eeuwen*. Twee dele, pp. 395, 503; F.80. E. J. Brill, Leiden en E. M. Querido, Amsterdam, 1967.

Hierdie omvangryke tweedelige werk het postuum verskyn, d.w.s. na die skrywer op 16 Julie 1962 oorlede is. Sy vrou, Annie Romein-Verschoor, self 'n historikus wat dikwels saam met haar man geskrywe het, het die uitgawes versorg en in 'n voorwoord die noodsaaklike toeligting gegee.

Jan Romein was 'n veelsydige gees wat steeds oor die aard en karakter van die geskiedenis en van historiese verskynsels besin het. Hy het baie geskryf: naas gewone geskiedenis waaraan hy in ooreenstemming met sy lewensbeskouing steeds 'n min of meer materialistiese interpretasie gegee het, veral ook opstelle oor die teoretiese aspekte van sy vak. In een van die opstelle het hy die beoefening van wat hy genoem het „integrale geskiedenis” bepleit. Wat hy hiermee bedoel het, het hy as volg uitgelê: „Ik bedoel daarmee die geschiedschrijving die ernst zou maken met de gedachte dat de psychologie, de filosofie, de sociologie en de kunst — en zo zou ik nog een hele tijd kunnen doorgaan —: dat de wetenschap van de politiek, dat de economie, dat de religie, de levens-, de maatschappij en de mensbeschouwing, dat de kennis van alle wetenschappen en van de literaturen, van de verhoudingen, niet in de laatste plaats, tussen groepen, sexen en generaties, kortom van wat niet al, op de een of andere wijze en te eniger tijd in het historisch beschrijving en uiteraard dus ook in het historisch onderzoek behoort te worden betrokken.” (*Eender en anders*, p. 28).

Wat bedoel word is 'n omvattende geskiedskrywing waarin alle aspekte van die lewe dan 'n geïntegreerde aandeel kry. Heeltemal nuut is die gedagte natuurlik nie, en Romein self gee dit in genoemde essay toe, maar hy meen dat dit veral in die huidige tyd nodig is waar te veel spesialisasie tot verbrokkeling aanleiding gee. In die werk onder bespreking het Romein dan self 'n poging aangewend om so 'n geskiedenis te skrywe. Hy het die laaste tien jaar van sy lewe daaraan gewerk.

So 'n tipe geskiedskrywing stel natuurlik hoë eise aan die historikus: nie alleen wat belesenheid en vermoë tot navorsing betref nie, maar ook die besondere vermoë om die wesentliche uit 'n groot massa gegewens te abstraher en dit in 'n patroon saam te weef. Ook word 'n hoë mate van insig in en kennis van 'n groot aantal vakgebiede vereis.

Die boek behandel die oorgangstydperk van die negentiende tot die twintigste eeu, ongeveer die jare 1890-1910. Wat ons kry is 'n soort dwarsdeursnee uit die geskiedenis,

'n brokstuk wat egter onder die hande van die skrywer 'n eenheid met 'n bepaalde karakter word. Hoe moeilik dit is om aan 'n tydperk 'n bepaalde karakter toe te dig blyk al dadelik uit die eerste twee hoofstukke. Hy stuit op die teenstrydigheid dat waar op politieke en diplomatieke gebied 'n geweldige vitaliteit en bedrywigheid opval (met Engeland vooraan en op die toppunt van sy mag), daar is op maatskaplike gebied sprake van 'n fin de siecle-gees, wat assosiasies van ondergang en dekadensie oproep.

Die eerste aantal hoofstukke wat hoofsaaklik die groot politieke gebeurtenisse van die eeuwende behandel, soos dit dan hierdie dan daardie groep lande is wat daarin meespeel, herinner sterk aan 'n vroeër werk van Romein, nl. sy *Machten van deze tijd*. Onder andere probeer hy ook die Anglo-Boere-oorlog in perspektief plaas as 'n aspek van die imperialistiese ekspansiedrang van Engeland in Afrika.

Dit is miskien onbillik om 'n hele boek te beoordeel aan die hand van 'n onderdeel waarmee jy toevallig beter vertrouwd is as die skrywer. Tog wil ek in dié verband daarop wys dat die skrywer se interpretasie van die Anglo-Boere-oorlog enigszins vreemd voorkom. Sy feite is nie juis verkeerd nie, maar sy aksente lê tog anders as wat die geval met die tans algemeen aanvaarde voorstelling van die oorlog is. Miskien is dit te wyte aan die feit dat die boeke waarna hy verwys, op enkele uitsonderings na, almal tydens of kort na dié oorlog verskyn het. Die enigste werk van jonger datum wat in sy lys voorkom is *The Jameson Raid* van Jean van der Poel. Hy het kennelik geen moeite gedoen om jonger en meer gesaghebbende werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis te raadpleeg nie. As dit die geval met hierdie onderdeel is, dan is 'n mens geneig om sy voorstelling van ander dele van die geskiedenis ook onder verdenking te plaas — dit ondanks die feit dat sy *bibliografie* aan die einde van die boek 44 bladsye beslaan.

Miskien moet mens dit maar aanvaar dat 'n skrywer van so 'n omvattende en veelsydige werk tog nie alle beskikbare literatuur kan deurwerk nie. Maar dan moet mens ook aanneem dat die kans vir 'n subjektiewe interpretasie veel groter is as in die geval van 'n werk wat in die eerste plek op navorsing van primêre bronne gebaseer is.

Hoe ook al, die werk dring eerbied af wat omvang en indringing in die mees uiteenlopende aspekte betref. Die leser vind by voorbeeld hoofstukke oor die volgende: chauvinisme en anti-semitisme, anargisme, sosialisme, neo-industrialisme, adel en opkomende burgers, pers, staatsbemoeiing en sosiale wetgewing, uitvindings en ontdekkings, natuur- en wiskunde, biologie, medisyne, ekonomie, psigologie, sosiologie, taalwetenskap, geskiedswetenskap, filosofie, godsdiens, toneel, literatuur, kuns en so meer; alles om 'n idee te gee van die veelsydigheid van die werk.

Romein was van voorneme om 'n derde deel hieraan toe te voeg „waarin hij zich voorstelde opzet en uitwerking van de voorafgaande theoretisch te verantwoorden”. Aan sy vrou het hy megedeel: „Deel drie zal me niet veel tijd kosten, dat heb ik helemaal in mijn hoofd.” Maar die dood het gekom voor hy iets daarvan geskryf het. Dit is jammer, maar wat ons het is tog 'n afgeslote geheel en 'n werk wat 'n groot historikus eer aandoen.

F. J. du T. Spies.

Davis, R. H. C., *King Stephen 1135-1154*. R3.00, pp. 157. Longmans, Green and Co., London, 1967.

The tables of succession of the kings of England, replete with Williams, Richards, Henrys and Edwards, have but one place for a Stephen. This uniqueness of nomenclature has given Stephen of Blois a certain distinctness that sets him apart from the ruck of other mediocre monarchs, the class to which he belongs.

From the hands of his latest biographer King Stephen emerges without fresh laurels "... a man of great activity but little judgment ... no hero ... though he seemed cheerful and gay, beneath the surface he was mistrustful and shy. He was basically small-minded ..."

The son of a daughter of William the Conqueror, Stephen grasped power in England at the death of Henry I in 1135. The rightful heir was Henry's daughter, Matilda, widow of the Holy Roman Emperor, Henry V and by her second marriage, Countess of Anjou. Between Stephen and Matilda and their supporters, Norman barons and mercenaries, there was waged an intermittent and destructive civil war of seesawing fortunes. Apart from his feud with Matilda, Stephen had to contend with rebellious barons and restive bishops. Eventually Matilda's son, Henry, took up the quarrel, became master of the Duchy of Normandy and carried the struggle to England once again.

In the end a compromise brought an end to anarchy. Stephen's eldest son had predeceased him. Matilda's son (later Henry II of England) was recognised as Stephen's heir.

Mr. Davis has told an unadorned tale well. Much of his narrative concerns marches, counter-marches, sieges and the defections of barons and is of limited interest. Nevertheless the author has assisted in the publication of the charters of the period and has thus been able to correct earlier writers and give a new interpretation.

Perhaps the most arresting figure on this narrow stage was one of the architects of the final compromise, Henry of Blois, Bishop of Winchester and Stephen's younger brother. Davis terms this man, rather than Stephen, "the real grand-son of the Conqueror", for he was militant, astute and determined and in a time of troubles gave the Church in England greater authority than it had ever had before.

A. M. Dayey.

Studies in History: British Academy Lectures (Selected and introduced by Lucy S. Southerland). Pp. 322. O.U.P., London, 1966.

In 1918 a combined Anglo-American movement to commemorate the tercentenary of the death of Sir Walter Raleigh led to the institution of the British Academy's annual history lecture. Lord Bryce delivered the first lecture in 1919 and since then there have been more than forty distinguished contributions.

Although the lectures have been published in the *Proceedings of the British Academy*, Dr. Sutherland has selected nine of them for publication in this volume with the praiseworthy intention of bringing them to a wider public and of illustrating the diverse contribution that the series has made. The diversity, of course, detracts from the unity of the book and, like the *festschrift*, this type of selected work, must strain the ingenuity of the library classifier.

Dr. Sutherland's selection, in an attractive paperback format, is the following:

- F. M. Stenton, *The Danes in England*, 1927.
- Z. N. Brooke, *Lay Investiture and its relation to the Conflict of Empire and Papacy*, 1939.
- V. H. Galbraith, *The Literacy of the Medieval English Kings*, 1935.
- G. N. Clark, *The Birth of the Dutch Republic*, 1946.
- W. Notestein, *The Winning of the Initiative by the House of Commons*, 1924.
- F. M. Powicke, *Sir Henry Spelman and the Concilia*, 1930.
- R. H. Tawney, *Harrington's Interpretation of his Age*, 1941.
- R. W. Seton-Watson, *The Role of Bosnia in International Politics (1835-1914)*, 1931.
- E. L. Woodward, *Some Consideration on the Present State of Historical Studies*, 1950.

There is something for all tastes, particularly the mediavalist. Sir Llewellyn Woodward's perceptive lecture, however, should be read by all who follow Clio. His plea for purposeful studies of recent and contemporary history has found many later echoes. He concludes that the division between the writer of the meticulous monograph and the writer of broad generalization is no longer sufficient. The mass of modern documentation calls for another category, "a middle class" who will reduce certain types of source material to tractable proportions in such responsible fashion that their works will tend to be treated as primary sources.

The happy seclusion and calm of the scholar, Woodward reminds us, is often bought at a price. The penalty often exacted for this is "exclusion or remoteness from those very things which an historian sets out to study and to describe". He concludes with an exhortation to the historian, amid signs of cultural disintegration, to recognise the dignity of man: "We must assert our right as historians, in virtue of our knowledge, to a high view of human kind." A. M. Davey.

Cronjé, prof. G. (Red.), *Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie*. J. L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1967. Prys: R2.75.

In hierdie werk verskyn 'n agttal referate wat deur dosente van die Universiteit van Pretoria in die reeks „Openbare fakulteitslesings van die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte" van dié Universiteit gedurende Augustus/September 1965 gelewer is. Soos die titel van die werk aandui, het dié persone 'n opname van die Suid-Afrikaanse historiografie gemaak en het elkeen ondersoek ingestel na wat ten opsigte van 'n bepaalde aspek in dié verband gelewer is. So behandel dan agtereenvolgens (i) prof. C. F. Nieuwoudt die staatkundige ontwikkeling in die S.A. historiografie, (ii) prof. F. J. du T. Spies die republikeinse gedagte, (iii) prof. A. D. Pont die geskiedenis van die Afrikaanse kerke en (iv) prof. A. N. Pelzer reisbeskrywings, terwyl (v) die Kaaps-Hollandse kuns deur prof. F. C. E. Nilant, (vi) die historiese pedagogiek en geskiedenis van onderwys deur dr. F. J. Potgieter, (vii) die Bantoe deur dr. T. S. van Rooyen en (viii) bronnepublikasies deur mnr. W. A. Stals behartig word. Elkeen van die referate word gevolg deur 'n geselekteerde bibliografie terwyl aan die einde van die werk 'n uitgebreide en uiters waardevolle register van persoonsname verskyn.

Aangaande die doel en betekenis van die werk kan dit moeilik beter gestel word as wat prof. Spies dit in die *Inleiding* doen en wat ek die vrymoedigheid neem om hier met groot instemming onveranderd aan te haal: „In elke beskaafde gemeenskap is dit noodsaaklik dat van tyd tot tyd 'n opname gemaak word van sy historiese literatuur en dat dit in die vorm van 'n bibliografie of bibliografieë onder die algemene aandag gebring word. So 'n opname lewer dan perspektief op wat oor die verlede van land en volk gedink en geskrywe is. Dit gee 'n blik in die op- en neergang van die geskiedskrywing oor die jare heen. Dit toon aan hoe begrip van die verlede afwisselend verbreed of vereng het, as gevolg van sekere historiese gebeurtenisse self. Dit gee ook 'n idee van die verskillende interpretasies van die geskiedenis al na gelang van die lewensbeskouing van hierdie of daardie skrywer of na gelang van sekere tydstrominge wat gekom en gegaan het. Ook bring dit die leemtes en lakunes in die geskiedskrywing aan die lig en kan dit navorsers aanspoor om juis dit op te vul. Bo alles vestig dit by herhaling die aandag op die rykdom van wat die jare aan historiese materiaal ontlewer het, as 'n onvervreemdbare kultuurbesit wat as inspirasie behoort te dien."

Die feit dat nie aan *alle* aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing aandag geskenk is nie, wat trouens ook nie in die opset van die werk beoog is nie, en dat die verskillende skrywers hulle nie op 'n *volledige* behandeling selfs van die beperkte aspekte wat hulle behandel, beroep nie, maak van die werk geen minder waardevolle een nie. Aan wat met die referate beoog is, is in hoë mate voldoen en elke referaat

bied 'n duidelike en insiggewende behandeling van die bepaalde aspek van sy keuse. Enigeen wat 'n oorsig oor en insig in die S.A. geskiedskrywing wil hê, sal hierdie boek moet bestudeer terwyl dit vir elke geskiedenisstudent 'n onmisbare item in sy boekery sal wees. Ek meen dat veral geskiedenisonderwysers dit met baie groot vrug sal kan gebruik en dat elke middelbare skool dit in sy biblioteek behoort te hê.

Benewens die besondere betekenis van 'n werk soos hierdie een, behoort dit ongetwyfeld dié algemene betekenis ook te hê dat dit die bestudering van die geskiedenis uit sekondêre bronne aansienlik sal stimuleer. Om hierdie en al die ander genoemde redes word dié werk tegelyk verwelkom en aanbeveel en wil mens hoop dat eersdaags ook aan die ander aspekte van die S.A. historiografie aandag gegee sal word. Dit kan selfs uitstekende temas vir verhandelinge en dissertasies bied; die terrein van die S.A. historiografie, wat deur die werk onder bespreking slegs vlugtig verken is, lê nog wyd oop vir grondige en indringende bestudering.

J. S. du Plessis.

Muller, C. F. J., Van Jaarsveld, F.A. en Van Wijk, Theo (redakteurs), *A Select Bibliography of South African History*. Pp. xii/215. Universiteit van Suid-Afrika. 1966.

Afgesien van die hestaan van bibliografieë soos die van die bekende Mendelssohn en ander spesifiek-georiënteerde bibliografieë ten opsigte van bepaalde onderwerpe, het daar nog nie 'n algemene bibliografie oor die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing ontstaan nie. Deur die verskyning van hierdie werk is daar nou aan 'n lankgevoelde behoefte voldoen en sal dit allerweë deur navorsers en studente verwelkom word aangesien dit die sleurgang van hul heuristiese arbeid besonderlik gaan vergemaklik. Terselfdertyd verteenwoordig hierdie bibliografie 'n redelik goeie omgrensing van die kennis wat ons oor ons land se verlede besit en gee gevolglik 'n goeie aanduiding van wat nog gedoen moet word.

Die opstellers van hierdie bibliografie het nie op volledigheid gemik nie en word dit benadruk dat dit 'n geselekteerde boekelys is, wat volgens die outers, 'n oorsig⁴ verteenwoordig van die totale kennis van ons land se geskiedenis. Dit is dus alleenlik verteenwoordigend en nie omvattend nie. Die opstellers is dan ook bedug daarop dat sodra as wat 'n mens maatstawwe formuleer waarvolgens geselekteer word, dit subjektief selfs arbitrêr kan wees. Die opstellers omskryf terselfdertyd nie wat hulle bedoel met werke wat „verouderd” is nie, wat „populêr” van aard is nie of wat volgens hulle té „blatant polemies” is nie. Sommige sal selfs wil beweer dat 'n polemiese werk kennisbydraend is. Hulle het ook nie die begrip „polemies” gaan omskryf nie, want byna alle werke, uitgesonderd dié wat bloot feitelik of kronologies is, besit 'n ondertoon van die „polemiese”, byvoorbeeld die kort werke van F. A. van Jaarsveld *Apologetiek en objektiwiteit in ons kerkgeskiedskrywing*. Hierdie werk is tog opgeneem terwyl ander van dieselfde „polemiese” aard weggelaat is.

Ofskoon die opstellers aandui dat hulle gebruik gemaak het van tydskrifte soos *Historia*, *Tydskrif vir Rasseaangeleenthede* en *Pretoriana*, is daar heelwat artikels in laasgenoemde twee tydskrifte wat blykbaar nie onder hul aandag gekom het nie, artikels wat geensins gekategoriseer kan word as „blatant polemies” van aard nie. Tydskrifte soos *Koers* en *Bantu* wat ook heelwat artikels van historiese belang bevat, is ook nie gemeld nie. Ons moet dit nou maar eenmaal so aanvaar dat die tydskrif en koerant in die Suid-Afrikaanse kulturele omstandighede 'n besondere groot rol gespeel het en nog speel in die vaslegging en omlýning van ons kenniswêreld.

Dit is verder uiters jammer dat die lys van adviseurs wie se name verstrekk word, en wie sekerlik elk op sy beoondere gebied as kenner beskryf kan word, nie as geheel verteenwoordigend beskou kan word nie. Dit is veral jammer aangesien die opstellers bewus was van die groot rol wat die subjektiewe en selfs arbitrêre d.w.s. persoonlike

in die seleksie- en indelingsproses speel. Sonder om „polemies“ te wil wees kan 'n mens die bewering maak dat uit huidige behoeftes, opvattinge, standpunte ens. gesien, die subjektiewe element effens meer aan bande gelê sou gewees het indien die aantal adviseurs meer verteenwoordigend was. Die uitgangspunt is tog dat dit 'n geselekteerde lys van die *Suid-Afrikaanse Geskiedenis* is. Ofskoon ongepubliseerde verhandelings en proefskrifte ook opgeneem is, moet dit waarskynlik aan die selferkende subjektiewe element toegeskryf word dat 'n paar wat wesentlik hydraënd tot ons kennis is, soos dié van S. Strauss se *Beriggewing in De Volksstem en The Star gedurende die tydperk 1896 tot 1899 oor gebeurtenisse wat gelei het tot die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902* (U.P. 1964) en J. L. Hattingh se *Die Irenekonsentrasiekamp* (U.P. 1965) om maar net enkele te noem, nie opgeneem is nie. Terselfdertyd kom dit vreemd voor dat 'n werk wat nog in voorbereiding is, in die Addenda-gedeelte opgeneem is. Is moontlike outeurs dan genader om lysse van werke wat nog in voorbereiding is te verstrek?

Afgesien van bogemelde en ander kritiek wat miskien teen hierdie werk uitgespreek mag word, kan daar terselfdertyd op gewys word dat weens die besondere aard van so 'n bibliografie en die reeds omvangrykheid van die gepubliseerde materiaal en geskrifte oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis, volledigheid 'n bykans onmoontlike ideaal is om te bereik. Kritiek op die weglaat of opneem van werke in so 'n bibliografie moet daar noodwendig wees en afgesien van enige verdere kritiek wat moontlik teen hierdie werk uitgespreek kan en mag word, ontnem dit nie die feit dat hierdie bibliografie in sy geheel geneem, aanbevelingswaardig is nie. Die opstellers het op 'n besonder voortreflike wyse daarin geslaag om die groot aantal werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat genoem word so in te deel dat dit vir enigiemand uiters maklik is om die naam van 'n boek of outer op te spoor. Die druk en inbind van die werk vertoon luuks en sal die hart van enige bibliofiel verbly. Dit is in sy geheel geneem 'n besonder aanbevelingswaardige werk wat die doringbesaaide pad van die historikus in sy heuristiese arbeid sal vergemaklik en die voorgraadse student besonder behulpsaam sal wees. Dit verteenwoordig terselfdertyd 'n besonder insig-gewende oorskoulike blik van die stand van ons kennis oor ons land se geskiedenis dusver.

T. S. van Rooyen